**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 JUNIE 2026 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:
Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Kennis geneem van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 MEI 2026**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Mei 2026 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

## 6. MAANDVERSLAG: APRIL 2026

### 6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

Die Munisipale Bestuurder noem, met verwysing na gesprekke insake die verbetering van die SDBIP-stelsel, dat die diensverskaffer Swartland Munisipaliteit as 'n loodsprojek, sonder kostes, gaan gebruik om wysigings teen November 2026 aan die stelsel aan te bring.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar 'n verbintenis onder die administrasie is om die teiken ten opsigte van kapitaalspandering teen einde Junie 2026 te behaal. Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat kapitaalspandering middel Junie op 83% staan.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van April 2026.

### 6.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die maandverslag van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste vir die maand van April 2026 word ter tafel gelê.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste ten opsigte van April 2026.

### 6.3 FINANSIëLE DIENSTE (7/1/2/2-7)

Die maandverslag van die Direktoraat: Finansiële Dienste vir die maand van April 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat daar nie risiko's in die verslag is wat uitgewys moet word nie, behalwe dat die oortydbegroting tot op datum reeds oorspandeer is.

Op versoek van rdh Van Essen ten opsigte van die lenings wat afgelos is, maar nog in die verslag reflekteer, sal die Direkteur: Finansiële Dienste kwalifiseer om aan te dui dat die "ou" inligting is, maar steeds van toepassing op die 2025/2026 finansiële jaar.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Finansiële Dienste ten opsigte van April 2026.

### 6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste vir die maand van April 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel die verslag en fokus op die stand van damvlakke en terugvoering oor die bedryf van die Highlands Stortingsterrein wat tot die verslag toegevoeg is.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van April 2026.

**6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)**

Die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste vir die maand van April 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste wys op die toename in *notified maximum demand* in Moorreesburg wat as positief beskou word.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste bevestig dat die vervanging van die CTS 7-digitale meters bykans voltooi is met 35 meters wat nog vervang moet word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van April 2026.

**6.6 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)**

Die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste vir die maand van April 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld die moontlikheid dat die SEF-fasiliteit op Kalbaskraal nie teen einde Junie voltooi sal wees nie, as gevolg van probleme wat met die kontrakteur ondervind is.

Die oorhandiging van huise in die onderskeie behuisingsprojekte geskied volgens die teikens wat gestel is en is die totale oorhandigings –

- Moorreesburg = 280
- De Hoop = 166
- Darling = 139

Rdh Van Essen noem van klagtes, spesifiek vanaf kliënte/ontwikkelaars van die Mount Royal Gholf Estate, wat ontvang is ten opsigte van die vertraging met die goedkeuring van bouplanne. Die klagtes sal deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste opgevolg word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat klagtes ontvang ‘n belangrike element is om die effektiwiteit van die stelsel te toets, maar in die meeste gevalle dui die klagtes op gebrekkige kommunikasie tussen die tekenaar/argitek en die eienaar.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem, op navraag van die voorsitter, dat alle vakatures in die Boubeheerafdeling gevul is, maar dat die druk op bouinspekteurs steeds baie hoog is, aangesien amptenare verantwoordelik is vir die nasiening van bouplanne, sowel as die fisiese inspeksies. By sommige munisipaliteite is voormelde funksies geskei.

‘n Verdere bespreking volg aangaande die nie-voltooiing van die SEF-fasiliteit op Kalbaskraal teen einde Junie 2026 en die moontlik oorrol van provinsiale fondse wat die projek verder kan vertraag en word die teleurstelling deur die voorsitter uitgespreek dat die projek nie voltooi sal wees nie.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig, op navraag van rdl A K Warnick, aangaande die verskuiwing van kleinboere, dat ‘n vergadering op 23 Junie 2026 gereël is met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, aangesien laasgenoemde departement verantwoordelik is vir die vertragings wat ervaar word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van April 2026.

**6.7 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)**
**6.7.1 PRESTASIEVERSLAG**
**6.7.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS**
**6.7.3 BRANDWEERDIENSTE**

Die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste vir die maand van April 2026 word ter tafel gelê.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat dit wil voorkom of die wetstoepassingsaksies by die Highlands Stortingsterrein ‘n afname in die bedrywighede van vodderapers te weeg bring, byvoorbeeld dat die terrein daagliks besoek word, onwettige strukture afgebreek word en boetes uitgereik word.

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat daar geen positiewe bek- en klouseergevalle in die Swartland munisipale area aangemeld is nie en dat statiese personeel by die brandpunt onttrek is, maar dat die nodige dokumentasie tydens normale patrollies steeds nagegaan sal word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste ten opsigte van April 2026.

## 7. NUWE SAKE

**7.1 2026/2027 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/4)**

Artikel 53 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bepaal dat die Munisipaliteit se SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei (dit is voor of op 25 Junie 2026).

Die SDBIP dien as hulpmiddel vir die bestuur van die Munisipaliteit om diensleweringsteikens en spandering op kapitaalprojekte binne die vasgestelde tydsraamwerke te behaal.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die aangehegte 2026/2027 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

**7.2 WYSIGING AAN PRESTASIEBESTUUR EN ONTWIKKELINGSBELEID (2/4/2)**

Die Munisipale Bestuurder behandel die wysigings aan die Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid.

Die Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid word op ‘n gereelde basis hersien om te verseker dat daar voldoen word aan wetgewende vereistes en om die doeltreffendheid en integriteit van die Munisipaliteit se Prestasiebestuurstelsel te verbeter.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Swartland Munisipaliteit Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid goedgekeur word.

**7.3 VOORLEGGING VAN 2026/2027 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)**

Die Prestasie Ooreenkomste van die Munisipale Bestuurder en direkteure moet ingevolge artikel 57 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 of 2000 op ‘n jaarlikse basis binne een maand na die aanvang van die finansiële jaar aangegaan word en dien as vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte.

7.3/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2026/2027 finansiële jaar soos voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeester op 11 Junie 2026 vir goedkeuring;

(b) Dat die volgende KPI bygevoeg word tot elke direkteur se prestasie-ooreenkoms, naamlik "*Ensure that all newly acquired immovable assets are reported to the Asset Management Department within five working days of receipt*".

**7.4 NOTULE VAN 'N PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 FEBRUARIE 2026 (5/15/1/3)**

Die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee (PRAC) dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van Artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003 (MFMA).

Die notule van die PRAC gehou op 24 Februarie 2026 is met die agenda gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 24 Februarie 2026.

**7.5 MENSLIKE HULPBRONNE: HERSIENING VAN VERSKEIE BELEIDE (4/2/B)**

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste gee agtergrond tot die wysigings van die hersiening van die beleide wat ook met die Plaaslike Arbeidsforum gekonsulteer. Die volgende aspekte het 'n wysiging aan beleide genoodsaak:

(1) Die nuutste Wes-Kaapse Kollektiewe Ooreenkoms wat op 25 Maart 2026 deur die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering Bedingingsraad vrygestel is;
(2) Die vervanging van die 2014 Regulasies op Gelyke Indiensneming deur die Minister van Indiensneming en Arbeid met nuwe regulasies effektief vanaf 15 April 2025;
(3) Die Privaatwerkbeleid van Drakenstein Munisipaliteit wat deur SALGA gesirkuleer is as beste praktyk.

Die komitee versoek die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die wysiging van die Interskapbeleid te oorweeg om voorkeur te gee aan studente uit die Swartland munisipale area.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Waarnemingstoelaebeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2026;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Verlofbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2026;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Oortydbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2026;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Gelyke Indiensnemingsbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2026;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Privaatwerkbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2026;

(f) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Internskapbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2026.

**7.6 TENDER L04/25/26: VERKOOP VAN ERF 470 (H/V SKOOL- EN KORTSTRAAT), KALBASKRAAL (8/2/2/8)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het in Maart 2026 goedkeuring verleen vir die verkoop en oordrag van Erf 470, Kalbaskraal aan DCS Boerdery (Pty) Ltd. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat dit die voorneme van die koper is om die gebou te omskep in behuising vir plaaswerkers.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste verduidelik die omstandighede waarvolgens die koper versoek het om uitstel te verleen vir die betaling van die koopprys teen 31 Augustus 2026.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die vervanging van die Koper in die Koopkontrak vanaf DCS Boerdery (Edms.) Bpk. (Registrasienommer 2019/412824/07) na die Du Toit Hamman Trust (Registrasienommer IT687/1993);

(b) Dat goedkeuring aan die nuwe entiteit verleen word vir 'n verlenging tot 31 Augustus 2026 vir die betaling van die koopprys, gegewe die buitengewone omstandighede wat voortspruit uit die uitbreking van bek-en-klouseer en die gevolglike finansiële verliese wat deur die Koper gely is, en dat 'n addendum tot die Koopkontrak dienooreenkomstig opgestel en onderteken word, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige skade aan, of verlies met betrekking tot, die eiendom as gevolg van vandalisme of enige ander oorsaak gedurende die verlengingstydperk nie;

(c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die nodige skriftelike toestemmings en volmagte uit te reik ten einde die Koper of sy genomineerde, op eie koste, risiko en verantwoordelikheid, in staat te stel om aansoek te doen vir bouplangoedkeuring en enige ander statutêre goedkeurings wat vereis word vir verbeterings wat daarop gemik is om die eiendom te beveilig, insluitend die oprigting van omheining en die installering van dienste, hangende die oordrag van die eiendom, met dien verstande dat die Munisipaliteit geen koste, verpligting of aanspreeklikheid van enige aard sal aangaan ten opsigte van sodanige verbeterings, goedkeurings of aktiwiteite nie.

**7.7 HERNUWING VAN DIE HUUR AAN MAST SERVICES (PTY) LTD VIR DIE VERHURING VAN SPASIE BY DIE YZERFONTEIN KARAVAANPARK VIR KOMMUNIKASIE NETWERKDIENSTE (15/4/6)**

‘n Spasie (groot ±10 m²) by die Yzerfonteint Karavaanpark word sedert June 2024 aan MAST Services (Pty) Ltd verhuur vir die verskaffing van kommunikasie netwerkdienste. Die huurder het versoek dat die huurooreenkoms verleng word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Burgemeesterskomitee kennis neem dat MAST Services (Edms.) Bpk. die opsie uitgeoefen het om die huurooreenkoms vir ’n verdere tydperk van drie jaar, met ingang vanaf 1 Julie 2027, te hernu ten opsigte van die gebruik van ongeveer 10 m² ruimte geleë op Erf 208, Yzerfontein, vir die voorsiening van kommunikasienetwerkdienste in Yzerfontein;

(b) Dat die huurder aanspreeklik sal wees vir ’n maandelikse huurbedrag van R1 960,68 (BTW uitgesluit), welke bedrag jaarliks op 1 Julie met 6% sal eskaleer;

(c) Dat alle bestaande bepalings en voorwaardes van die huidige huurooreenkoms van toepassing bly.

**7.8 TOESTAND VAN PLAVEIDE RESIDENSIëLE PAAIE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED (16/5/5/1)**

Die instandhouding en opgradering van bestaande plaveide residensiële strate in die Swartland munisipale gebied word ondersteun deur strategiese doelwit 3 in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik "gehalte en betroubare dienste".

Plaveide strate benodig spesifieke intervensies van instandhouding om die funksionaliteit te handhaaf. Versuim om geskeduleerde instandhouding en herseeling te implementeer, sal lei tot 'n toename in die vorming van slaggate en agteruitgang van die basislaag van die straat.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die status quo-verslag vir 2025/2026 ten opsigte van die toestand van plaveide residensiële strate in die Swartland munisipale gebied.

**7.9 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD, JUNIE 2026 (5/7/3)**

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die verslag en wys weereens daarop dat die uitstaande skulde in gebiede waar Eskom die elektrisiteitvoorsiener is, en waar kredietbeheer nie toegepas kan word nie, die hoogste is.

Op versoek van rdl A K Warnick dat meganismes in plek gestel moet word om kredietbeheer in Eskom-gebiede toe te pas, bevestig die Munisipale Bestuurder dat hierdie aspek al telkemale op SALGA-platforms bespreek was en dat daar 'n regsaak aan die gang is dat munisipaliteite hierdie funksie by Eskom moet oorneem.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R4 683 045.30** ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van **R3 254 660.96** ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendoms-belastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

7.9/...

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging gemaak was, tydens die volgende Uitvoerende Burgemeestersekomiteevergadering voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing, veral in Eskom-gebiede, te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende kredietbeheer toe te pas;

(j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes vanaf die Deernistoekenning sal verhaal;

(k) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat meganismes in plek gestel word deur die administrasie om aansluitings te beperk waar die verbruiker nie die nodige dienste-aansluiting afgeteken het nie.

**7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2026 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2026.

**7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee agtergrond tot die diefstal by die Moorreesburg WWTW en bevestig dat die alarmstelsel aan die diensverskaffer se beheerkamer gekoppel is, in goeie orde is, sluitkode ontvang was dat alarm geaktiveer was, maar op die aand van die diefstal nie afgegaan het by die beheerkamer nie.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2026 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.12 AFSKRYF EN VERWYDERING VAN BATES UIT DIE BATEREGISTER WEENS VERMISTE BATES, VERKOPE AS SKROOT BY VEILING, VERSEKERINGSEISE EN VERVANGING TOT 31 MEI 2026 (5/14/3/5)**

Die Batebestuursbeleid bepaal die redes vir die afskryf van bates, onder andere, as gevolg van diefstal, vernietiging, onherstelbaar, ens. en ‘n register word gedurende die jaar bygehou van sodanige bates.

7.12/...

Die bates word vir afskrywing aanbeveel, aangesien dit tydens die fisiese inspeksie geverifieer kon word dat die bates met 'n waarde van R67 627.21, vir die redes genoem in die verslag, nie meer bestaan nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die raad goedkeuring verleen vir die afskryf van bates per die aangehegde lys (R29 022.77) en dat daardie bates verwyder word vanuit die Bateregister ten einde die munisipaliteit se finansiële rekordhouding te volvoer vir die jaar geëindig 30 Junie 2026;

(b) Dat indien daar nog versekeringseise geskied vir die maand van Junie 2026, dat die Hoof Finansiële Beampte gemagtig is om daardie items af te skryf en verslagdoening van enige verskille tussen die voorafgaande bedrag en die finale afskrywings vir die jaar geëindig 30 Junie 2026 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te lewer;

(c) Dat die Hoof Finansiële Beampte gemagtig word om daardie items af te skryf wat geïdentifiseer word as vervangde bates tydens die jaarlikse bate opname ingevolge die kapitale spanderingsprogram tot en met 30 Junie 2026. Enige sulke bates sal aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gerapporteer word.

**7.13 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING*: MUNICIPAL FINANCE & FISCAL POLICY* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Municipal Finance and Fiscal Policy* was op 14 Mei 2026 deur rdl N Smit bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdl N Smit van die SALGA *Municipal Finance and Fiscal Policy* werkgroepvergadering op 14 Mei 2026;

(b) Dat daar kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste sowel as die voorlegging gedoen deur Mnr Bongisizwe Mali op voormelde SALGA-werkgroepvergadering gehou op 14 Mei 2026.

**7.14 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING: *ELECTRICITY ENERGY PROVISION PUBLIC WORKS* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Electricity Energy Provision Public Works* was op 11 Mei 2026 deur rdl R Jooste bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdl R Jooste van die SALGA: *Electricity Energy Provision Public Works* werkgroepvergadering op 11 Mei 2026;

(b) Dat daar kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die voormelde SALGA: werkgroepvergadering gehou op 11 Mei 2026.

**7.15 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING: *DEVELOPMENT PLANNING AND RURAL DEVELOPMENT* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Development Planning and Rural Development* was op 13 Mei 2026 deur rdl D G Bess bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdl D G Bess van die SALGA: *Development Planning and Rural Development* werkgroepvergadering op 13 Mei 2026;

7.15/...

(b) Dat kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die voormelde SALGA: werkgroepvergadering van 13 Mei 2026.

**7.16 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING: *ENVIRONMENTAL MANAGEMENT AND CLIMATE RESILIENCE* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Environmental Management and Climate Resilience* was op 12 Mei 2026 deur rdl A K Warnick bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdl A K Warnick van die SALGA: *Environmental Management and Climate Resilience* werkgroepvergadering op 12 Mei 2026;

(b) Dat daar kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die voormelde SALGA: werkgroepvergadering gehou op 12 Mei 2026.

**7.17 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING: *HUMAN SETTLEMENTS AND URBAN AGENDA* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Human Settlements and Urban Agenda* was op 12 Mei 2026 deur rdl D Pypers bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdl D Pypers van die SALGA: *Human Settlements and Urban Agenda* werkgroepvergadering op 12 Mei 2026;

(b) Dat daar kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die voormelde SALGA: werkgroepvergadering gehou op 12 Mei 2026.

**7.18 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING*: COMMUNITY DEVELOPMENT AND SECURITY* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Community Development and Security* was op 13 Mei 2026 deur rdl D G Bess bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdl D G Bess van die SALGA: *Community Development and Security* werkgroepvergadering op 12 Mei 2026;

(b) Dat daar kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die voormelde SALGA: werkgroepvergadering gehou op 12 Mei 2026.

**7.19 SALGA WERKGROEP RAPPORTERING*: ECONOMIC DEVELOPMENT AND JOB CREATION* (11/1/1/24)**

Die SALGA Werkgroep: *Economic Development and Job Creation* was op 11 Mei 2026 deur rdh M A Rangasamy bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die bywoning deur rdh M A Rangasamy van die SALGA: *Economic Development and Job Creation* werkgroepvergadering op 11 Mei 2026;

(b) Dat daar kennis geneem word van die opsomming van die uitkomste van die voormelde SALGA: werkgroepvergadering gehou op 11 Mei 2026.

**7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL EN TOETS VAN CHERRY PICKER, CK 39937 (8/1/B/2)**

7.20/...

Die Isuzu Cherry Picker, CK 39937 word deur die Departement: Elektriese Ingenieursdienste in Moorreesburg gebruik.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel en toets van Cherry Picker, CK 39937 deur Alpha Hydrolics ten bedrae van R34 040.00 (BTW ingesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien die voertuig geneem was na 'n kundige diensverskaffer vir 'n *strip-and-quote* vir die herstel en toets van die hidroliese stelsel;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R34 040.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/4-34-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.21 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN KRAANTROK, CK 24542 (8/1/B/2)**

Die Isuzu Kraantrok, CK 24542 word deur die Departement: Elektriese Ingenieursdienste in Moorreesburg gebruik. Met die diens van die voertuig is verskeie gebreke opgetel.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die Kraantrok, CK 24542 deur Isuzu Malmesbury ten bedrae van R76 027.63 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien dit as onprakties beskou was om die voertuig na 'n ander diensverskaffer as die ondersteuningsagent van die diens behartig het te neem;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R76 027.63 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-5-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.22 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL-WERK AAN DIE KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 34173 (8/1/B/2)**

Die kompakteervragmotor, CK 34173 word deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste in Malmesbury en die Riebeek Vallei gebruik vir die verwydering van vullis.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

7.22/...

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die vervanging van parte (link assemblied, refurbishment of bushes and cylinder tod ends) van die kompakteervragmotor, CK 34173 deur Transtech ten bedrae van R79 459.61 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van Heil-kompakteerders is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R79 459.61 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-68-5verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.23 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 32551 (8/1/B/2)**

Die kompakteervragmotor, CK 32551 word deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste gebruik in Moorreesburg en Koringberg vir die verwydering van vullis. Dit trok is 'n 2021 model UD 330 Quester.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die vervanging van parte (front main pump assembly, lifter pump, roofmech pulleys and packer blade cylinder) van die kompakteervragmotor, CK 32551 deur Transtech ten bedrae van R83 442.19 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van Heil-kompakteerders is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R83 442.19 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-62-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.24 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL-WERK AAN JCB 4CX LAAIGRAAF, CK 32912 (8/1/B/2)**

Die JCB 4CX Laaigraaf, CK 32912 word in Riebeek Kasteel deur die Strate- en Stormwaterafdeling gebruik.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die hidroliese silinder van CK 32912 vir bedrag van R50 206.22 (BTW uitgesluit) deur Bell Equipment;

(c)/...

7.24/...

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien Bell Equipment die ondersteuningsagent van JCB-toerusting is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R50 206.22 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-9-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**